# DIE OMGEEGEMEENTE
NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

26 April 2026

## Gasvryheids-bediening

Alhoewel vandag en volgende Sondag oor 'n 'n langnaweek val en daar gewoonlik nie oor langnaweke koffie/tee na die erediens bedien word nie, het Elisma spesiaal laat weet dat daar wel koffie/tee na die erediens vir beide Sondae in KOSMOS in die kerksaal bedien sal word.
Met dank aan Elisma en haar span.

## BORG
**van die maand**

**Cobus & Leone Malan**




## Gebedsonderwerpe

- Helderberg Uitreik: Dank die Here vir die werk van die Dienssentrum. Bid vir die vrywilligers, vir energie, vreugde in hulle dienslewering en uithouvermoë. Bid vir voldoende finansies en donasies om in die behoefte te voorsien. Bid ook vir die ontvangers van die diens.
- Bid vir Cecile en haar span met die beplanning van die Kersmark. Bid ook dat Cecile se heupvervangingsoperasie in Mei glad sal verloop en dat sy vinnig sal herstel.
- Tienerdepressie. Bid vir die 90% tieners met geestegesondheidsuitdagings (depressie, trauma, swak sosio-ekonomiese omstandighede) wat nie toegang tot sielkundige hulp het nie. Bid vir elke volwassene wat uitreik na sulke kinders om hulle te ondersteun.
- Bid dat Iran en die VSA tot 'n ooreenkoms sal kom wat inwoners van die Golfgebied in staat sal stel om met hulle normale lewens voort te gaan.

## APR se deurkollektes

03 Apr: Bybelgenootskap – R7280
05 Apr: Bybelgenootskap – R979
12 Apr: Projekte 2026 – R1 725
19 Apr: Radiokansel – R1 150
26 Apr: Sinodae: BADISA

## Bybelstudie Stormhaven

Donderdag, 30 April om 10:00.

## DANKOFFER BETALINGS:

**1. Elektronies/internet bankdienste:**

| | |
|---|---|
| Rek naam: | NGK Somerset Wes |
| Bank: | ABSA |
| Tipe rek: | Tjekrekening |
| Rek nr.: | 2900 590 132 |
| Takkode: | 632 005 |
| Verwysing: | Dankoffer/Kollekte |

**2. Snapscan:**

SnapScan
Snap here to pay

**3. Kontantinbetalings & koeverte:**
Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofofferkoeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeggemaak.

**4. Debietordervorms:** Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787 / ngsomerset@mweb.co.za.

## Oggenddiens 09:30

Goeiemôre. Hartlik welkom by vanoggend se erediens. Dit is vandag die vierde Sondag van Paastyd en tradisioneel staan dit bekend as Goeie Herdersondag of Roepingsondag. Dit herinner ons aan God se beskerming. Dit roep jou om God se liefde aan die wêreld bekend te maak. Vanoggend se skriflesing is 1 Petrus 2:18-25. Christene aan wie Petrus geskryf het, het baie uitdagings gehad. Daarom versterk hy hulle in die gees deur te sê dat Christus se bloed hul motivering moet wees om die lyding te verduur. Mag jy ook vanoggend versterk word te midde van jou eie uitdagings.
Onthou: Die Here is jou Herder wat jou beskerm.

## Stroming

Hierdie diens se skakel sal ongeveer 'n halfuur voor die diens beskikbaar wees op die gemeente se webtuiste by
https://ngkerksomersetwes.co.za/
Die alternatief is om na Youtube te gaan en in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" te tik.

## Bybelstudie Woensdae

**Oggende: 2-weekliks**
06/05: Patmos – 10:00.
**Aande: weekliks**
29/04: Patmos – 18:00

## Gebedsgroep Woensdae

29 April om 09:00 in die konferensiekamer.

## Voorbidding

- **Alecia Waring,** hospitaal.
- **Buks v Zyl,** HML Siekeboeg.
- **Thelma Schoeman,** herstel na knie-operasie.
- **Corrie Swanepoel,** geval en ribbes gebreek.
- **Jurie Groenewald,** galstene en galblaas verwydering.
- **Marthie Venter,** tuis na hospitalisasie.
- **Kobus Grobbelaar,** verswak na hospitalisasie.
- **Lafras Kritzinger,** broos.
- **Jeanette Snyman,** behandeling.
- **Beatrix Lourens,** behandeling.
- **Obie van Niekerk,** behandeling.
- **Dawie Rossouw,** behandeling.
- **Muggie Rossouw,** broos.
- **Christo Meyer,** broos.


*Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!*

## Manne Reisgesprek Vrydagoggende

**8 Mei 2026**

in die konferensiekamer

* Koffie 05:15 * Gesprek 05:30 *

## Kategese

**Daar sal geen kategese wees op 26/4 & 3/5 agv die langnaweke.**

**Volgende geleentheid: 10 Mei 2026**




## Wol

*Die winter is op hande en daar is 'n groot behoefte aan truie, komberse, serpe en bedsokkies. Skenk asb. **"double knit" wol** en gee by die kerkkantoor af. Daar is soveel gewillige breiers, maar ons benodig asb. wol.*




Ondersteun asb. die bloeddiens en kom skenk bloed op **Dinsdag 28/4** van 14:00-19:00 in die kerksaal. Al die bloeddiens-klinieke is op die kerk-kalender aangedui.




## Seniorsorg werksaamhede – 1 ste kwartaal 2026

Met groot dankbaarheid kan ons getuig dat ons geseën word met skenkings en donasies sodat ons 'n verskil in ons seniors se lewens kan maak.

Ons het poedings verkoop by Helderberg Gemeente vir fondsinsameling en was so verheug met die uitkoms. Die insamelings is die heerlikste spanbou!

Die drie tehuise, Huis Marie Louw, Huis Esperanza en Zandvliet Mediese Fasiliteit, gee vir ons 'n paar items wat baie nodig is en dan besluit ons op ons vergadering wat ons gaan skenk. Linne is 'n groot uitdaging by al die tehuise. Vier stelle per bed is tans 'n noodsaaklikheid. Op die foto's kan gesien word dat ons linne en handdoeke aangekoop het. Ons het ook skenkings van linne en handdoeke ontvang wat ons kon verdeel.

Aankope van linne, handdoeke, waslappe en personeel kleredrag is die afgelope kwartaal gedoen. Ons kon een tehuis help met 'n 30lt Ankor menger wat 450 etes per dag voorsien aan inwoners. Nog fondse het gehelp met opgradering van die personeelkamer en gange in een tehuis.

Paasfeestee met klavier en trekklavier het soveel genot verskaf aan inwoners.

As enigeen betrokke wil raak en die smaak proe van die lekker om te kan gee, kontak ons gerus en maak 'n verskil. Gewillige hande, of finansiële bydraes maak dit vir ons moontlik om die verskil te kan maak.

Groete van ons Seniorsorgspan.

Sonnette van Wyk (082 563 2166) / sonnettevanwyk@gmail.com




# Herfsmark 2026

Buiten die basaar en Kersmark, is die **Herfsmark** een van ons gemeente se jaarlikse drie groot fondsinsamelingsprojekte. Die Herfsmark is om die draai op **Saterdag, 30 Mei** en ons het jou hulp nodig om van die geleentheid 'n sukses te maak.

Ons benodig asb. soveel as moontlik goedere vir ons **"Allerlei"** tafel. Bring gerus jou bruikbare, werkende items waarvoor jy dalk nie meer nut het nie, so gou as moontlik na die kerkkantoor, sodat Gerda, wat die sameroeper is vir hierdie tafel, dit kan uitsorteer en merk.
**Sluitingsdatum vir goedere: Maandag, 25 Mei 2026.**

Ons benodig asb. ook 'n **sameroeper** vir die **"Gebak"** tafel. Ondersteun asb. hierdie tafel. Diegene wat bereid is om **koeke, terte en beskuit** te skenk, kan asb. tot **15 Mei** vir Josephine by 082 830 5337 kontak en haar laat weet.

Op 12 & 13 Mei word daar **kleinkoekies** in die kerksaal se kombuis gebak. Ons het altyd hulp nodig. Kontak vir tannie Cecile as jy wil kom hand bysit.

Ons het soveel as moontlik hulp en hande nodig om van die Herfsmark 'n sukses te maak. Kontak die sameroepers gerus en bied jou hulp aan. Ons het elkeen se insette en hulp baie nodig.

## HERFSMARK 2026 SAMEROEPERS

| TAFELS | NAAM | KONTAKBESONDERHEDE |
|---|---|---|
| Hamburgers & chips | Leone Malan | 082 854 6013 |
| Boereworsrolle | Bennie &<br>Rona van Zyl | 082 4666 558<br>082 339 1362 |
| Jaffles | Gerrit van Zyl | 071 604 3513 |
| Pannekoek | Tersia Baard | 078 324 4692 |
| Poeding | Letteli Nel | 083 350 8673 |
| Koeke, terte, beskuit | | |
| Kleinkoekies | Cecile vd Poel | 073 173 1134 |
| Teekamer | Suzette Posthumus | 061 262 8298 |
| Allerlei | Gerda Oosthuizen | 082 3735 230 |